# RPO Markverslag


## Week 33 van 2025





| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | **R37.42** | **0.7%** | **4.4%** | **17.1%** |
| A2 (R/kg) | **R71.83** | **-2.5%** | **2.5%** | **30.5%** |
| B2 (R/kg) | **R59.58** | **-1.7%** | **5 .1%** | **27.8%** |
| C2 (R/kg) | **R60.06** | **3.4%** | **7.2%** | **38.6%** |

## Speenkalwers

Die prys het in Week 33 met 0.7% gestyg teenoor die vorige week en is tans 17.1% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan die volgehoue laer aanbod van speenkalwers. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan volhou en ‘n piek in Oktober bereik. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in September rondom R38/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R33/kg en nie hoër as R43/kg behoort te wees nie.




## A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 33 met 2.5% gedaal teenoor die vorige week en is tans 30.5% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan hoofsaaklik toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod op karkasse en swakker vraag in die handel weens die skerp stygings van pryse oor die laaste twee tot drie maande. Die verwagting is dat die prys kan afneem tot in September en dan stelselmatig begin styg in Oktober. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in September rondom 71/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R63/kg en nie hoër as R79/kg behoort te wees nie.

RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*


***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag
## Week 33 van 2025




| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R50.49 | -0.6% | 6.6% | 25.6% |
| A2 (R/kg) | R107.46 | 0.9% | 1.4% | 19.7% |
| B2 (R/kg) | R82.08 | -0.2% | 6.1% | 23.0% |
| C2 (R/kg) | R83.00 | 1.8% | 11.1% | 28.2% |





## Stoorlammers

Die stoorlamprys het in Week 33 met 0.6% gedaal teenoor die vorige week en is sowat 25.6% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan 'n hoër aanbod op lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys stelselmatig kan daal tot in Desember. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in September rondom R46/kg te wees en nie laer as R40/kg en nie hoër as R52/kg nie.

## A2 Lamkarkasse

Die lamkarkasprys het in Week 33 met 0.9% gestyg teenoor die vorige week en is ongeveer 19.7% hoër as dieselfde periode 'n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan 'n volgehoue laer aanbod op lamkarkasse. Die verwagting kan geskep word dat die prys vanaf September stelselmatig kan begin daal tot in Oktober. Volgens 'n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 16 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in September ongeveer R105/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R117/kg behoort te wees nie.




RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO